Junie 2020

# Stellenberger



## Dis Koninkrykstyd!

Deur: Ds. Marius Breytenbach

Van na Pinkster tot aan die begin van die Adventtyd (in aanloop tot Kersfees) breek 'n tyd in die kerkjaar aan wat ons koninkrykstyd noem. Hierdie begrip het die kern van Jesus se prediking gevorm. Die oorgrote deel van die bevolking in Jesus se tyd se begrip van 'n koninkryk was waarskynlik nie baie positief nie, omdat dit onder andere na die magsbehepte Romeinse keisers wat die landsburgers se lewens beheer het, verwys het. Wanneer Jesus dan oor God se koninkryk gepraat het, het dit as praktiese verwysing gedien van hoe anders God se heerskappy lyk teenoor dit wat hulle in hulle eie teenswoordige wêreld beleef het. Jesus se prediking het die vroeë gelowiges geïnspireer om te midde van onreg, onsekerheid en die vrees wat daarmee saamgaan, doelgerig in hulle hede te leef in plaas daarvan om opstandig te raak. God regeer oor die magte en realiteite van hierdie wêreld – 'n wêreld waarin gewone mense met geen mag nie, tog ook betekenisvol kan meeleef.

In Stellenberg begin ons die koninkrykstyd met 'n preekreeks van vyf weke, genaamd – 'n Lewe binne God se koninkryk. Ons volg die lewensverhaal van koning Dawid en die wyse waarop sy geloof deur die uitdagings, geleenthede en krisisse van sy tyd gevorm is.

Ek glo, groei en aanvaar myself, omarm ander en leef só om 'n verskil in hierdie wêreld waarin God regeer, te maak.

Jy kan op die volgende maniere aktief deelneem aan hierdie geloofsreis:

Eredienste. Skakel in by ons drie eredienste wat aanlyn beskikbaar is. Vanaf 5 Julie is daar ook bykomend twee erediensgeleenthede in die kerk wat bygewoon kan word – sien afkondiginge in die bulletin op Sondag 21 en 28 Junie.

Besoek Bybel Media se webruimte faithpath.co.za en voltooi van die aanlyn vraelyste wat daarop beskikbaar is. Daar is verskeie vraelyste op die webwerf wat jou sal begelei om jou eie geloofstyl beter te verstaan.

Vervolg na bladsy 2 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 1

Hou die bulletin en webwerf dop vir geleenthede waar jy interaktief kan deelneem aan besprekings oor hoe ons prakties ons geloof in die huidige omstandighede kan uitleef.

'n Bykomende vraelys word gratis, net vir Stellenberg-lidmate, beskikbaar gestel. Om die skakel na die vraelys te bekom, stuur 'n e-pos na karin@stellenberg.co.za.

# 'n Pad met geestesgesondheid

Deur: Dr. Stephan le Roux



Elke mens se gesondheid is sekerlik sy of haar kosbaarste besitting. Hoe ouer 'n mens word, hoe meer raak jy bewus van hierdie waarheid en hoe sterker word jou ingesteldheid om dit te koester. Mag ons ons gesondheid nooit as vanselfsprekend aanvaar nie. Dit wat ek en jy nou het, kan môre totaal en soms ontstellend anders lyk.

Ek wil met hierdie artikel die soeklig spesifiek op geestesgesondheid as een dimensie van gesondheid laat val. Die doel hiermee is om begrip, deernis en sensitiwiteit vir geestesgesondheid te kweek en die stigma wat daaraan kleef, af te breek. Hopelik ontlok dit ook debat, want die neiging bestaan om hierdie onderwerp óf te vermy, óf op 'n negatiewe wyse te hanteer. Ek wil ook die begeerte uitspreek dat hierdie skrywe aan mense wat uitdagings in dié verband ervaar, hetsy persoonlik of in hul eie familie- of vriendekring, hoop sal gee. Ek skryf na aanleiding van jare se werk in hierdie veld en veral uit my persoonlike ervaring in my eie familiekring.

Die negatiewe konnotasie wat in die verlede aan geestesgesondheid gekoppel is, spruit hoofsaaklik uit onkunde en gepaardgaande ongevoeligheid by mense. Ongelukkig het die media ook dikwels hiertoe bygedra. Gelukkig is daar vandag meer kennis en begrip en soveel beter mediese en sielkundige ondersteuning aan mense wat met psigiatriese siektes moet saamleef en worstel. Uitdagings in hierdie verband is algemeen. Een van die handboeke op my rak oor geestesgesondheid, verwys byvoorbeeld na depressie as "the common cold of mental illnesses". Wêreldwyd kom depressie by 6-10% van die bevolking voor, met Suid-Afrika wat dieselfde patroon toon. Volgens SADAG is 25% van alle werknemers in Suid-Afrika tans met depressie gediagnoseer. Dit is voorwaar 'n baie moeilike en uitdagende diagnose om te aanvaar en te beheer. Die fokus in die behandeling van geestesgesondheid is nie genesing nie, maar eerder die bestuur van die siektetoestand, want dit verdwyn, of genees, nooit heeltemal nie. Met 'n verstandige benadering kan dit beheer word, maar die skaduwee van die siekte volg jou altyd.

Van die tipiese simptome wat ervaar word deur 'n persoon met 'n depressiewe gemoedstoestand, is eet- en slaapversteurings, irritasie, verlies aan selfvertroue en die vermoë om besluite te neem, 'n algemene gebrek aan lewensvreugde, 'n lae gemoed, selfdoodgedagtes en/of -pogings. Iemand het onlangs met my gedeel daar is net geen "joy" meer in die lewe nie.

. . . vervolg vanaf bladsy 2.

Ten beste kan 'n mens leer om met die toestand vrede te maak. Advies, of 'n opmerking soos "ruk jou reg", is teenproduktief en onsensitief. Depressie moet ook nie as 'n swakheid beskou word nie. Dit kan immers enige iemand tref en is 'n siektetoestand wat, soos enige ander chroniese siektetoestand, 'n ingrypende uitwerking op 'n individu se lewe kan hê.

My eie ervaring om 'n huis met my kind wat aan 'n geestessiekte ly, te deel, het my dikwels al laat dink aan een van my boeke met die titel "Where does a mother go to resign?". Die onsekerheid en onvoorspelbaarheid in terme van gemoed en gedrag en die reaksie op behandeling, stel soms bomenslike eise aan 'n ouer en ook aan die pasiënt. Die onsekerheid oor wanneer en of hy gaan stabiliseer, of hy die situasie sal kan aanvaar en verantwoordelikheid daarvoor sal kan neem, het ons as ouers menige dae moedeloos en met baie onbeantwoorde vrae gelaat.

Insig ten opsigte van die diagnose en samewerking tydens behandeling, stel verdere eise. Ook die aanvaarding van so 'n diagnose kan vir baie ouers moeilik wees. Die meeste ouers koester drome en ideale vir hul kinders, onder andere dat hulle die ouerhuis sal verlaat en onafhanklik moet kan funksioneer. In ons geval moes ons ons drome in soverre dit ons kind betref, herdefinieer. Ons moes aanvaar dat onafhanklikheid nie 'n natuurlike gegewe is nie en onsekerheid bestaan steeds of dit ooit enigsens 'n moontlikheid sal wees.

Gelukkig is dit ook so dat depressie en ander geestesgesondheidsiektes oor die algemeen behandelbaar is. Heelwat mense slaag daarin om goeie lewenskwaliteit te ervaar, suksesvol in hul loopbane te wees en 'n sinvolle lewe te lei. Die aanvaarding dat professionele hulp benodig word, is egter die eerste stap in die behartiging van die situasie.

Medikasie wat deur 'n professionele persoon voorgeskryf word, het gewis 'n plek in die hantering van depressie en ander psigiatriese siektes en behoort nooit teenoor geloof gestel te word nie. Meer hieroor later. Die uitdaging betreffende medikasie is om die regte medikasie en geskikte dosis vir elke individu te bepaal. Vanweë die uitdagings wat dit aan die pasiënt en ook sy/haar familie kan stel, is opname in 'n kliniek (moet asseblief nie na 'n gestig, of inrigting verwys nie) vir mediese en sielkundige ondersteuning en begeleiding soms nodig.

Uiteraard moet die gebruik van medikasie ook met berading gekombineer word sodat die pasiënt sy/haar siektetoestand kan aanvaar, verstaan en lewensvaardighede aanleer om die siekte te bestuur. Ongetwyfeld is die nie maklik nie en verg dit geweldig baie van mense wat sulke siektetoestande moet verduur, om bloot net oukei te kan voel, of om doodgewoon alledaagse dagtake te kan verrig. Begrip en ondersteuning van familie en vriende, gerugsteun deur insette van die hulpverlenende professies, is bepalende faktore in die suksesvolle uitkoms van so 'n situasie.

Ek is daarvan oortuig dat geloof in God en die beskerming van 'n mens se gesondheid onlosmaaklik deel van mekaar behoort te wees. My praktyk- en persoonlike ervaring is dat geloof die individu bemagtig om sy unieke uitdagings te kan hanteer. Dieselfde beginsel geld vir die familie wat nodig het om bemoedig te word om die eise wat gestel word, suksesvol te benader . Geloof is egter nie 'n wonderkuur of voorskrif vir genesing nie.

Vervolg op bladsy 4 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 3

Ek wil afsluit met 'n paar riglyne wat 'n verskil maak in die hantering van probleme met geestesgesondheid:

- Ons het almal die verantwoordelikheid om die stigma rakende geestesgesondheid af te breek en met liefde en deernis na mense wat elke dag die uitdagings die hoof moet bied, uit te reik. Daar is geen stigma verbonde aan diabetes, of kanker, of enige ander fisieke siekte nie. En so is geestesgesondheidsiektes ook net nóg 'n uitdaging wat enigeen van ons se pad kan kruis.
- Die aanvaarding van die siektetoestand en om vrede daarmee te maak, asook die voltydse en verantwoordelike bestuur van die situasie, is krities belangrik in die herstelproses. Dieselfde beginsel geld vir die familie.
- Die uitreik na en aanvaarding van hulp van familie en die helpende professies, is 'n teken van waagmoed en karakter.
- Koester jou gesondheid. Gereelde oefening, genoeg rus en slaap is belangrik vir ons fisieke en psigiese gesondheid. Uiteindelik vorm al die dimensies van gesondheid 'n geheel wat interafhanklik van mekaar is en behels dit soveel meer as net die fisieke.
- Dit is geestelik opbouend om met 'n dankbaarheidsjoernaal te begin waarin jy daagliks drie aspekte waarvoor jy dankbaar is (onder andere jou gesondheid), kan neerpen om sodoende self te ervaar hoe dit jou gemoed en algemene belewenis van elke dag beïnvloed. Dit is terapeuties om veral in moeilike tye hierna terug te verwys.
- Soek die dinge wat sin aan jou lewe gee. Die ontdekking hiervan sal jou op 'n natuurlike wyse aanspoor om voluit te lewe en is ook jou sleutel tot gelukkig wees. Die beginsel geld ook vir ouer volwassenes, want die grootste uitdaging vir mense wat afgetree het, is om steeds sin en betekenis in die lewe te ervaar – om 'n rede te hê om soggens op te staan.
- Emosionele volwassenheid impliseer onder andere dat jy die vermoë aanleer om onsekerheid te kan aanvaar. Dit is ook per slot van rekening in wese wat ons Christelike geloof impliseer.

Ek sal graag my persoonlike en professionele ervaring met enige iemand wat 'n behoefte aan hulp, of ondersteuning het, deel. Neem gerus die vrymoedigheid om my te kontak.

| Dr. Stephan le Roux 083 234 9973 stephan.leroux@outlook.com. Stephan le Roux en sy gesin is jare lange lidmate van die gemeente en hy dien ook op ons diensverhoudinge-bediening.

# Hervatting van eredienste

Tydens vlak 3 van die inperkingsmaatreëls word kerke toegelaat om in ’n beperkte formaat en onder spesifieke voorwaardes weer eredienste aan te bied. Ons beoog om vanaf Sondag 5 Julie 2020 met twee dienste – om 09:00 en 11:00 – te begin. Dienste mag nie deur meer as 50 persone, insluitend die leraar, eredienswerkers en musikante bygewoon word nie. Let wel dat ons steeds voortgaan met die weeklikse aanlyn dienste op die webwerf.

Neem asseblief van die volgende praktiese reëlings kennis:

- Die meditatiewe diens en die jeugdiens (Relevant) sal steeds as opnames op Sondagoggende vanaf 06:00 op die webwerf beskikbaar wees.
- Die oggend-en-gesinsdiens sal vanaf 5 Julie regstreeks via die webwerf om 09:00 op Sondagoggende uitgesaai word, waarna dit dan vir die res van die dag en week as ’n opname op die webwerf beskikbaar sal wees. Vanaf 5 Julie sal die oggend-en-gesinsdiens egter eers vanaf 09:00 Sondagoggende op die webwerf beskikbaar wees en nie soos voorheen vanaf 06:00 soggens nie.
- Dit is belangrik dat lidmate wat die eredienste bywoon, aan alle Covid-19-veiligheidsmaatreëls voldoen. Maskers moet gedra word, en toegang tot die kerk sonder ’n masker sal nie verleen mag word nie. Ons versoek ook dat jy nie ’n diens moet bywoon indien jy enige simptome soos koors, erge hoofpyn, keelseer, lyfseer of ’n langdurige hoes ervaar nie. Kerkgangers se koors sal by die ingang van die kerk geneem word en persone met ’n koors bo 37,5˚C sal ongelukkig nie toegelaat mag word nie. Ontsmettingsmiddels vir hande sal ook by die kerk se ingang voorsien word.




- Families, of persone wat saam in ’n huis woon, mag langs mekaar op die kerkbanke sit. Die voorgeskrewe afstand tussen verskillende groepe moet egter deurentyd gehandhaaf word.
- Bespreek asb. jou plek om die erediens by te woon deur die kerkkantoor vanaf Maandag tot Vrydag tussen 08:00 en 13:00 telefonies te skakel, of stuur ’n e-pos na karin@stellenberg.co.za. Dui asseblief aan of jy/julle die diens om 09:00 of 11:00 wil bywoon en hoeveel mense beoog om as ’n groep die diens by te woon. Dui asseblief ook aan of daar kinders in die groep is en wat hulle ouderdomme, asook hulle ID-nommers is.
- Bulletins sal nie by die eredienste uitgedeel word nie. Dit sal steeds elektronies versprei word.
- Bankkollektes sal in die kollektebord of die kluis geplaas kan word, soos kerkgangers die kerk na die diens verlaat.
- Kategese gaan steeds aanlyn voort en daar is geen veranderinge in die huidige aanbieding van junior of senior kategese nie.

Kontak asseblief enige een van die gemeenteleraars, of stuur ’n e-pos na navrae@stellenberg.co.za indien jy enige vrae rakende die aanbieding of inrigting van die eredienste het.

# Edelweiss-bediening raak elektronies, eensydig en eensaam

Deur: Dr. Theo Swart




Die bediening by Edelweiss het in die verlede 'n weeklikse Bybelstudie, persoonlike besoeke op Donderdae, 'n bykomende Bybelstudie-geleentheid elke Donderdag vir twee groepe van ongeveer 50 mense elk en preke so twee keer per maand, behels. Verjaarsdae is ook altyd met die oorhandiging van 'n kaartjie en persoonlike gelukwense gevier.

Met die uitbreek van die Covid-19-pandemie moes eers Edelweiss se versorgingseenheid en toe die hele dienssentrum vanaf 19 Maart drasties ingeperk word. Inwoners kon glad nie die sentrum verlaat nie en net personeel kon onder streng kontrole binnegaan. Met die gevolg my bediening aan die groep Edelweissers het skielik heeltemal verander.

Nou is dit 'n stappie met my honde wat help dat ek deur die heining (vêrder as 1,5 meter van mekaar) met enkele van die inwoners kan gesels, vir die ander wat deur die vensters loer te waai en om almal wat verjaar, te bel. Tydens Pinkster is die klankbaan van die dienste per WhatsApp aan inwoners gestuur en alle preke word ook nou op dié wyse versprei. Tweetalige preke wat ek in my gemeente in Parowvallei-Oos aanbied, word ook per WhatsApp aangestuur vir diegene wat wil luister. Oom Franz Reinke en Elsa Prins het nou in knap elektroniese-kosters ontwikkel, wat sonder moeite sorg dat almal na die eredienste kan luister.

Die grootste uitdaging vir my is tans die gevoel van eensydigheid – dis so moeilik om skielik nie meer persoonlik kontak met die mense saam met wie ek al sewe jaar lank 'n pad loop, te hê nie. Dit voel vreemd om 'n hospitaalbesoek in die hoë-sorg – kan jy dit glo – per telefoon te doen, oor die telefoon te bid en simpatie en verjaarsdagwense oor te dra sonder om iemand in die oë te kyk.

Vervolg op bladsy 7 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 6

Die hoogtepunt van my werk die twee laaste maande was toe ek en my dogter harte met industriële lint op twee van Edelweiss se hekke aangebring het. Daar was ongeveer 50 toeskouers en ons is van ’n veilige afstand deur die inwoners aangemoedig en verwelkom. Dit was die meeste Edelweissers wat ek in ’n baie lang tyd bymekaar gesien het. Dit was so lekker om weer met mekaar te kon praat en saam te lag – veral oor die hart oorkant Stellenberg se kerk wat meer na ’n mond gelyk het, maar dis mos die gedagte wat tel en hulle weet wat ek en my dogter bedoel het.

Net soos Edelweiss se mense eensaamheid beleef, het ek ook met dieselfde emosie begin worstel omdat ek hulle so mis! Mag die Here se genade by ons almal wees sodat Edelweiss se bediening weer persoonlik, veelsydig en almal saam, mag wees!

# Die grootsaal bied skuiling teen die Kaapse storm





“Toe die stormweer ons verlede week tussen 10 en 12 Junie tref, het Stellenberg se kerkraad die moedige stap geneem om hul grootsaal as ’n tydelike nagskuiling vir 27 hawelose mense oop te stel,” sê dr. Braam Hanekom, verbonde aan die Sentrum vir Publieke Getuienis, sinodale kantoor, Wes-Kaap, “en is ons opreg dankbaar teenoor die gemeente vir dié wonderlike gesindheid.”

Die tydelike skuiling is in samewerking met MES in Bellville gereël en koördinering met die organisasie het deurlopend plaasgevind. Uiteraard moet MES aan alle Covid-19-regulasies voldoen en sosiale distansiëring moet dus in alle skuilings toegepas word. Die gevolg daarvan is dat bestaande skuilings minder slaapplek mag aanbied en daar dus nou ’n tekort aan slaapplek bestaan.

MES het saans die besoekers met bussies na Stellenberg se saalkompleks geneem en hulle weer soggens om 06:30 daar gaan haal. Woensdagaand moes op karton- of plastiekmatrasse geslaap word, maar danksy ’n ruimhartige skenking is matrasse aangeskaf en kon almal Donderdag- en Vrydagaand geriefliker slaap. Ds. Why Duvenhage het ook komberse en slaapsakke uit die gemeente se omgeestoor aangebied en Stellenberg het warm sop en brood aan die “kuiergaste” bedien.

Daar was dwarsdeur elke nag personeel en vrywilligers aan diens om toe te sien dat alles ordelik geskied en nadat die saal soggens ontruim is, is die perseel ontsmet. Die gemeente se terreinpersoneel het ook Saterdagoggend nadat die groep vertrek het, die saal volgens die Covid-19-voorskrifte deeglik skoongemaak en ontsmet.

Vervolg op bladsy 8 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 7

Dr. Hanekom sê voorts: "Dit ruk 'n mens aan die hart om dié verwese mense te sien. Hulle is weerloos teen die elemente, om nie eens van die Covid-19-bedreiging te praat nie. Die winter strek nog lank voor ons uit en ons doel is om ook ander gemeentes te motiveer om betrokke te raak met soortgelyke hulpverlening. Indien almal help, raak dit nie die las van net een gemeente, of een organisasie nie. Alle betrokkenes sal voortdurend in venootskap met MES optree."

# Feesmark – dalk nie totsiens

Feesmark 2020 sou na agt jaar Marelize Verreyne se laaste feesmark om te reël, gewees het. Sy het aftreeouderdom bereik en die modieuse ouma van vier kleinkinders, met die vyfde enetjie DV op pad in Augustus, het besluit dit raak tyd om meer aandag aan haarself, haar man en geliefde kinders en kleinkinders te gee.

"En toe kom die koronavirus alles deurmekaarkrap," sê Marilize. "Ek is nog baie onseker of ek volgende jaar se mark sal aanpak. Sonder om dweperig te klink, het ek besluit om regtig te bid daaroor. Ek glo die Here sal my soos talle ander kere in my lewe van leiding voorsien.

"Wanneer ek dink aan die mark wat nie kan plaasvind nie, word ek deur magteloosheid oorval. Ek en Adri, medeorganiseerder, het soveel nuwe planne gehad, veral wat die restaurant betref. Ek sou ook so graag behoorlik van al die uitstallers wou afskeid neem – baie van hulle voel al soos familie. Maar ek was vir 30 jaar 'n boervrou op 'n Karooplaas en daar het ek tussen langdurige droogtes en baie swaarkry geleer om die terugslae in my lewe agter die rug te sit en vorentoe te kyk. Toe my eerste man, Christo, in 2009 verongeluk het, het ek stoksielalleen, met geen telefoonverbinding op die plaas nie en 100 km van die naaste dorp af, gewoon. Dit was op 'n manier goed vir my, want dit het my die geleentheid gegee om deur die rouproses te werk en te besef dat ek vir my eie geluk verantwoordelik is. Uiteindelik kan net jy besluit hoe jy die lewe gaan trotseer – gaan jy bly lê, of gaan jy opstaan en weer begin?


Marilize saam met haar seun, twee dogters en kleinkinders.

"Stellenberg-gemeente en in die besonder die feesmark, het vir my 'n veilige hawe geword toe ek Kaap toe verhuis het en vir my 'n geleentheid gebied om my gawes te kon uitleef.

. . . vervolg vanaf bladsy 8

My kinders en Callie Visagie se kinders was vriende en deur dié vriendskappe het die Vosburg Karookuier ontstaan. Dit het ook my keuse van 'n nuwe tuiste beïnvloed en toe ek na Christo se dood die plaas moes verlaat, het ek my in Stellenberg-omgewing kom vestig omdat ek reeds mense hier geken het. Die uitstallers en die mense wat saam met my gewerk het, soos die kassiere, pakkers en vloerbestuurders, is en sal altyd die kosbaarste deel van my verbintenis met die mark wees.

"Ek was tot 'n mate baie verbaas oor die uitstallers se reaksie rakende die kansellasie van die mark. Ek dink hulle het dit grootliks verwag, maar ons uitstallers is werklik kreatiewe mense. Hulle sien vinnig nuwe geleenthede raak en spring dan in. Een van ons uitstallers het sommer aan die begin van die inperking begin maskers maak en reeds R40 000 se maskers verkoop. Sekere van ons uitstallers verkoop ook reeds hulle ware deur middel van Facebook en aanlyn winkels.

"Ons het baie gestoei met die moontlikheid van 'n aanlyn winkel, maar nadat ons kundige advies ingewin het, het ons besef ons gaan sukkel om dit winsgewend te bedryf. Ons uitstallers was ook nie baie positief oor die moontlikheid nie. Baie van hulle verkoop 'n verskeidenheid klein artikels wat mense so terloops in 'n inkopiemandjie gooi wanneer hulle die mark besoek, maar dis nie noodwendig goedjies wat hulle aanlyn gaan bestel as hulle nog boonop bykomende afleweringskoste moet betaal nie.

"Ek is wel baie bekommerd oor ons ouer uitstallers wat al jare lank hulle ware op die feesmark verkoop. Die meeste van hulle is nie so rekenaarvaardig nie en gaan sukkel om hulle produkte aanlyn te bemark. Die feesmark was juis vir hulle 'n lewensaar, want in heelwat gevalle was dit boonop 'n belangrike aanvulling tot hul karige pensioengeld.

"Ek en Adri, my medeorganiseerder, is egter altyd vol planne en ons het die afgelope maande baie nagte wakker gelê en met al die planne in ons gedagtes geroei en gestoei. Ons dink aan die moontlikheid van 'n voedselfees volgende jaar saam met die basaar en oorweeg enige opsie wat werkbaar klink. Maar vir nou is alles eers te onseker en moet ons geduldig wag om 'n duideliker prentjie te kry van wat ons toekoms inhou. Intussen probeer ek my bes om positief te bly en is ek en Adri altyd opgewonde om 'n nuwe plan, of moontlikheid te ondersoek.

Stellenberger | Samestelling | Sanèl Joubert

Taalversoring | Annemarie Spies

Bydraes en voorstelle | sanel@stellenberg.co.za

# #Connected Church

Deur: Dirk Brand

Die jaar 2020 sal in geskiedenisboeke beskryf word as die jaar waarin die Covid-19-virus die wêreld verander het – 'n onsigbare vyand wat die wêreld tot stilstand gedwing het. Mense is in hulle huise ingeperk en alle openbare byeenkomste van groepe mense is verbied ten einde die verspreiding van die virus te bekamp. Dit het natuurlik kerke ook ingesluit. Geslote kerke as gevolg van 'n virus was seker vir almal voor die uitbreking van hierdie pandemie ondenkbaar en toe word dit 'n realiteit.

Alhoewel mense skielik nie meer vrylik kon rondbeweeg en reis nie, het die inperking tog mense nader aan mekaar gebring. Solidariteit met mense in nood wat deur dieselfde onsigbare vyand bedreig word, asook die spontane steun in verskillende gemeenskappe vir veral die gesondheidswerkers wat aan die voorpunt van die stryd teen die virus staan, het wyd oor grense heen weerklank gevind. Kerkgeboue wat gesluit is, beteken egter nie dat kerke skielik ophou bestaan het nie. Inteendeel, kerke het nuwe maniere gevind om te funksioneer en juis in die onseker tye 'n bron van hoop vir gemeenskappe geraak. Kerke bestaan immers nie uit geboue nie, maar uit mense.

Stellenberg het soos baie ander kerke tegnologie kreatief benut om kontak met lidmate te behou en daarom is ons eie videokanaal op YouTube geskep om eredienste en ander geleenthede direk in mense se huise aan te bied. Maar hoe lyk dit in ander kerke en ook elders in die wêreld?

My nuuskierigheid oor hoe ander kerke tydens die inperkingstyd funksioneer, is bevredig toe #connectedchurch tot stand gebring is. Ek het begin soek na die visuele stories van kerkgemeenskappe in verskillende dele van die wêreld, wat op samehorigheid tussen Christene dui en iets vertel van hoe geloof in verskillende kontekste in hierdie moeilike tyd uitdrukking vind.


Wie sal ooit die beeld vergeet van Pous Franciskus I wat die Paasdiens in 'n dolleë St. Petruskatedraal in Rome hou? Enkele dae later het die aangrypende video en foto's van Andrea Bocelli se konsert van hoop in die Duomo in Milaan, vir miljoene kykers regoor die wêreld troos en hoop uitgebeeld.

Ek het 'n klomp vriende in verskillende lande gevra om vir my foto's te stuur van hul kerke tydens inperking en te vertel wat die kerke doen om steeds 'n baken van hoop vir mense te wees. My versoek het heelwat positiewe kommentaar ontlok en ook 'n paar interessante foto's in my e-pos opgelewer. Die stryd teen die virus gaan voort en baie van die aanpassings wat kerke moes maak, gaan deel van die nuwe werklikheid van kerkwees bly. Die visuele storie is dus nog nie afgehandel nie en ek hoop dat meer mense hul ervarings van kerkwees in hierdie tyd met ons sal deel nadat ons #connectedchurch op verskillende mediaplatforms gevestig het.

Dirk Brand | Leierouderling

Vervolg op bladsy 11

# #connectedchurch



In die Erlöserkirche (kerk), Fürstenfeldbruck, Bavaria, Duitsland, is foto's van lidmate op kerkbanke geplaas tydens die Covid-19-inperking, sodat lidmate nog deel van die kerkgemeenskap voel.



Die Aartsbiskop Delpini  bid op die dak van die Duomo in Milaan vir die beskerming van die stad tydens die Covid-19-pandemie.



'n Buitelug hemelvaartdiens tydens die Covid-19- inperkings in Duitsland word deur die Evangelies-Lutherse Kerk in Fürstenfeldbruck, aangebied



'n Katolieke Kerk in Augsburg, Bavaria hou 'n Paasdiens met slegs drie vroue in die kerk.



'n Erediens in 'n leë St. Paulus Katedraal in Milaan, Italië.

# Projek Samaritaan – sop beveg honger

Deur: Ds. Why Duvenhage

Ons het reeds op verskeie platforms breedvoerig met lidmate gekommunikeer rakende Projek Samaritaan, wat op die kerkraad se inisiatief van stapel gestuur is. Die projek wil nood van watter aard ook al, insluitend nood gekoppel aan die Covid-19-pandemie, op verskeie maniere, soos deur middel van die entrepreneursprojek en die familienetwerk, aanpak. Volledige inligting oor hierdie aksies is op ons webwerf beskikbaar.

Die grootste komponent van Projek Samaritaan bly steeds voedselhulp. Ek is baie dankbaar vir die sterk span helpers wat by die kosprojek betrokke is, want die nood is werklik enorm.

Ons is ook dankbaar vir die 30 persone wat weekliks help sop kook. Volgens Anéne Nortier, wat met die koördinering van die sopkokers behulpsaam is, voorsien baie van dié mense die sopbestanddele uit hulle eie sakke. Nog helpers sal báie welkom wees, sodat sopkokers soms 'n ruskans gegun kan word.

Ons voorsien twee sopkombuise in Khayelitsha van sop, wat dit dan aan kinders daar bedien. Sopkombuise in Ravensmead en Wesbank ontvang ook sop. Aan gesinne in Ysterplaat en Ruyterwacht verskaf ons bevrore sop in 2 liter-roomysbakke. Sover dit vir ons moontlik is, gee ons ook aan ongeveer 90 gesinne 'n kospakkie saam met die sop en as ons enige ander skenkings sou ontvang, word dit uitgedeel. Ons het byvoorbeeld onlangs 430 kg hoenderborsies wat deur een van ons lidmate geskenk is, aan gesinne in Ysterplaat en ander gebiede uitgedeel. Ook is 'n ongelooflike groot skenking groente en vrugte vanuit die Koue Bokkeveld ontvang, wat ons ook kon versprei .

Ek het die afgelope week die Kannaland-distrik, waarnatoe ons voorheen jaarliks uitgereik het, besoek. Op Zoar het ek Henk en Netta Barry se sopkombuis, waar hulle twee keer per week sop vir tussen 400 en 500 kinders kook, besoek. Van die Koue Bokkeveld se groenteskenking en die hoenderskenking is ook vir hulle gegee.







Boere van die Koue Bokkeveld-distrik het vragte vrugte en groente ten bate van die gemeente se kosprojek geskenk.

. . . vervolg vanaf bladsy 12

Op Calitzdorp het ek veral die verafgeleë plase saam met Isabel Steenkamp, 'n plaaslike onderwyseres, besoek. Daardie kinders woon baie ver van die skool af en dit is daarom vir hulle moeilik om die voedingskemas wat by die skole aangebied word, te bereik. Ons kon daar ook verligting met kos bied. Isabel besoek die verafgeleë plase weekliks om hulle met kosvoorrade te ondersteun.

Nood bly nood en solank daar nood is, hoop ek dat ons in staat sal wees om te help. Ons bedien alle honger mense, ongeag kultuur en nasionaliteit en probeer werklik, veral op aanbeveling van ons medewerkers in die gemeenskappe, om die mense wat nie op ander plekke hulp ontvang nie, te bereik en te ondersteun.






Foto links: Dries Potgieter kook daagliks sop om te verseker dat daar genoeg voorraad is. Die sop word in roomysbakke en ander houers gevries en dan aan gesinne versprei. Hy sê dat hy spesiaal die ekstragroot houtlepel aangeskaf het, sodat hy die groot potte sop meer gemaklik kan roer. Foto regs: Anéne is besig om vir gesinne in Ysterplaat bakkies met sop te vul. "Dis lekker dik sop," sê sy, "so die mense sal dit kan verdun om dit meer te maak."






Foto links: Die 430 kg hoenderborsies wat as skenking ontvang is, is onder gesinne in Ysterplaat versprei.
Foto regs: Ons span getroue kospakkers is besig om pakkies niebederfbare kos te verpak.




Tydens ds. Why Duvenhage se besoek aan die Kannaland kon hy ook van die serpe en musse wat deur die breigroep gebrei is, uitdeel. Ons is baie dankbaar teenoor die lede van die breigroep wat deur die loop van die jaar so hard gewerk het.




Isabel Steenkamp, help ds. Why Duvenhage om sop vir kinders op veraf geleë plase in Calitzdorp uit te deel.

# So lyk die geldsake . . .


Deur: Ds. Callie Visagie

Ons is baie dankbaar vir die wyse waarop lidmate in hierdie onseker finansiële omstandighede steeds die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun. Daar is selfs pensioenarisse wat ons meegedeel het dat hulle hul dankoffers verhoog het, juis omdat hulle van ander lidmate se verliese van inkomste bewus geword het en besef dat dié lidmate eenvoudig nie hulle bydraes aan die gemeente sal kan volhou nie.

Die teendeel is ongelukkig ook dat 'n persepsie by sommige mense ontstaan het dat Stellenberg-gemeente, veral na aanleiding van die feesmarkinkomste, oor heeltemal voldoende fondse beskik, en daarom hul bydraes na ander instansies begin kanaliseer het. Ons is dus in die besonder dankbaar teenoor elke lidmaat wat wel die gemeente se werksaamhede na BINNE (vergoeding van amptenare en plaaslike projekte) en BUITE (voedselprojekte, uitreike en die versorging van medewerkers) ondersteun.

Die patroon van die gemeente se twee belangrikste inkomstebronne, naamlik dankoffers en bankkollektes, word hieronder in die grafieke uiteengesit. 'n Verstaanbare neiging is dat bankkollektes nou as maandelikse dankoffer gegee word. Bankkollekte word as 'n item op die begroting behou omdat daar aanvanklik so vir die jaar begroot is.

Die maandelikse begrote bedrag vir bankkollektes is R95 00 en vir dankoffers R456 000 (grys lyn op die grafieke). Tydens die inperking toon ons dankoffers maandeliks 'n styging van R50 000 bo die begroting terwyl bankkollektes tussen R30 000 en R40 000 onder die begroting daal.



**Die kwessie van die feesmark**

Die feesmark was die afgelope 26 jaar 'n belangrike gebeurtenis en hoogtepunt op die gemeentelike kalender. Dit het nie net as saamweesgeleentheid gedien en ons gemeente se beeld na buite vertoon nie, maar ook 'n belangrike bron van inkomste vir die gemeente. Dié inkomstebron (R2,25m van totale begrote inkomste van R10 miljoen = 22,5%) het dit die afgelope jare vir die gemeente moontlik gemaak om 'n derde van ons inkomste aan verskeie projekte toe te wys. Ons het deurgaans besef dat ons nie te afhanklik van hierdie inkomstebron moet raak nie – en nou is dit 'n werklikheid.

Die kerkraad het in oorleg met die fondsebediening 'n aangepaste begroting vir die boekjaar aanvaar. Die personeel se vergoeding is met 20% verminder en ons aansoek by die TERS- en werkloosheidsversersingsfonds het dit moontlik gemaak dat ons eenmalig 90% van ons personeel se vergoeding kon uitbetaal. Alle ander uitgawes is ook drasties gesny.

**Die moonlikheid van 'n kleiner of aanlyn feesmark**

Om verskeie redes is daar besluit om nie 'n kleiner, afgeskaalde mark aan te bied nie. 'n Afgeskaalde wintervrouemark is voorheen aangepak en het min aanhang geniet. Ons is besorg oor die feit dat 'n afgeskaalde mark (indien dit toelaatbaar sou wees) afbreuk aan die gevestigde beeld van die huidige feesmark sal doen. Daar is veral ernstig besin oor 'n aanlyn mark. Na konsultasie met verskeie kundiges, asook met van ons uitstallers, het ons daarteen besluit omdat ons nie seker is dit gaan uiteindelik finansieel sin maak nie.

